

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die party-politiek word die volk as handlanger gebruik om persone aan bewind te kry.*

# Die O.B.





*In die Ossewabrandwag word persone as handlangers gebruik om die volk aan bewind te kry.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 18 NOVEMBER 1942. No. 2.

## Uitdaging aan Bedekte Lasteraars van Ossewabrandwag

### Holheid van Diefstal-aantygings Geopenbaar

**Onderstaande verklaring is deur die Assistent-kommandant van die Ossewabrandwag, genl. J. A. Smith, uitgereik na aanleiding van die persverslae oor beweerde diefstal vir O.B.-fondse:**

Watter middels die vyande van die Ossewabrandwag aangryp om hierdie volksbeweging in verdenking te bring, blyk uit die aantygings wat deur die vyandige pers in opskrifte en o.a. deur 'n beroepspolitikus nou weer gedoen word na aanleiding van 'n bewering van 'n kroongetuie in 'n onlangse diefstal-saak.

Die kroongetuie, ene Van Zyl, het o.a. volgens verslag in Die Burger verklaar dat die beskuldigde, ene Zietsman, aan hom sou bevestig het wat 'n ander beskuldigde, ene Coetzee, sou gesê het, nl. ,,Ons het fondse baie nodig vir die vroue van die manne wat geïnterneer is, en dat hy (Coetzee) 'n ,,hoë offisier in die Ossewabrandwag'' is en ,,Zietsman 'n majoor in die organisasie''.

Op grond van hierdie bewering skryf Die Burger nou bo-aan 'n verslag van 'n aantyging deur mnr. Eric Louw op 'n vergadering op Philipstown gehou: ,,Geld gesteel vir O.B.-fondse — eer van ons volk geraak'', en maak homself saam met die heer Louw skuldig aan 'n lasterlike aantyging teen die O.B.

**Zietsman, aangeklaagde van die diefstal, het volgens dieselfde verslag ontken dat hy aan Van Zyl gesê het dat die geld deur die Ossewabrandwag benodig word. Hy het ,,ook ontken dat hy 'n majoor in die O.B. is''.**

Die volgende feite in verband met bostaande word benadruk:—

(1) Die bewering as sou Zietsman 'n majoor in die O.B. wees, is vals. **Daar is nie so 'n rang as majoor in die O.B. nie.**

(2) Genoemde Coetzee is of was geen ,,hoë offisier in die O.B.'' nie, volgens die offisierslyste van die Transvaalse Hoofkwartier. (Kyk verklaring van genl. J. D. Jerling in die pers gepubliseer.)

(3) Die Ossewabrandwag ontvang geen geld wat deur diefstal verkry word nie.

(4) Behoorlike boekhouding en ouditering van ontvangste van die O.B. word op alle hoofkwartiere gehou.

(5) Die opskrifte in die vyandige koerante praat van die ,,O.B.-fondse'', terwyl volgens die verklaring van die betrokke getuies, **nie die O.B.-fondse as sodanig bedoel word nie, maar geld wat die beskuldigdes ten behoewe van geïnterneerdes sou wou bekom het. Daarenteen word die geld wat deur die O.B. ingesamel word vir noodleniging van die afhanklikes van geïnterneerdes, deur 'n selfstandige noodhulpkomitee beheer en in die pers verantwoord.**

(6) Hiermee daag ek uit enigeen, en by name die heer Louw, die Direksie van Die Burger wat genoemde Louw se aantyging met die opskrifte bo-aan sy bewering onderskryf, en enigiemand wat die bewering deur die genoemde kroongetuie aanvaar as sou die gesteelde geld in besit van die O.B. as organisasie gekom het, of op gesag van die organisasie gesteel sou gewees het, om dit te bewys.

(7) Enige sodanige bewering is onwaar.

(Get.) J. A. SMITH.

#### UITDAGING

Na aanleiding van 'n voetnoot deur Die Burger onderaan hierdie verklaring waarin na die regter se ,,uitspraak'' verwys word, het genl. Smith die volgende brief aan die betrokke blad gerig:

Na aanleiding van n voetnoot onderaan my verklaring insake die aantygings teen die O.B. in verband met gesteelde geld, dien die volgende vir openbaarmaking:

Waar Die Burger nou verwys na die kommentaar van die regter in die Zietsman-saak op die getuienis, dien daarop gewys te word **dat dit op die punt van mede-aandadigheid in die diefstal, geen uitspraak is teen die O.B. soos Die Burger probeer te kenne gee nie, maar sydelingse kommentaar (obiter dicta) by sy aanvaarding van 'n verklaring wat onjuis en onwaar is ten opsigte van (a) dat Zietsman, die beskuldigde, 'n ,,majoor'' in die O.B. sou wees — 'n rang wat in die O.B. nie bestaan nie, en (b) dat ene Coetzee, na wie in daardie getuienis ook verwys word, 'n ,,hoë offisier'' in die O.B. sou wees.**

As die sydelingse kommentaar (obiter dicta) van die regter, nl. dat hy glo dat gedeelte van die gesteelde geld was vir 'n ,,beweging waarin Zietsman 'n majoor is'', deur Die Burger aanvaar word as bewys dat die Ossewabrandwag 'n medepligtige of ontvanger was van die gesteelde geld, dan daag ons nou hiermee Die Burger uit om die Grootraad as liggaam, sy voorsitter, of enige verantwoordelike ampsdraer van die oppergesag van die Ossewabrandwag, regstreeks van medepligtigheid of as ontvanger van gesteelde geld in sy kolomme te beskuldig, of die getuienis waaroor hy mag beskik aan die polisie te verstrek, **sodat die oppergesag van die Ossewabrandwag die geleentheid kan kry om 'n beslissing deur die landshof te laat gee, en also 'n einde te maak aan die voortdurende bedekte en verskuilde laster vir politieke gewin.**

## NATURELLESOLDATE OPROERIG

Uit Oos-Londen word berig dat ongeveer tweehonderd naturellesoldate verlede week hul geledere verbreek en die polisie aangeval het wat op soek was na sekere oortreders. Een konstabel is beseer en vier polisiemotors beskadig.

## GENL. JERLING SE VERKLARING

**Die volgende verklaring is deur genl. J. D. Jerling, Assistent-kommandant-generaal van die Ossewabrandwag in Transvaal, uitgereik:**

**,,In verband met 'n rapport in die pers dat 'n sekere deel van geld wat van die Transvaalse Provinsiale Administrasie gesteel is na die Ossewabrandwag sou gegaan het, wil ek hierdie bewering ten strengste weerspreek.**

**,,Die enigste bronne van inkomste van die O.B. is sy ledegelde en funksies wat spesiaal vir dié doel georganiseer word. Die Noodhulpfonds ontvang sy fondse by wyse van bydraes deur die verskillende kommando's en elke bydrae word gereeld amptelik in Die O.B. erken. Ons boeke word geouditeer en die ouditeurs-rapporte is oop vir inspeksie deur enige lid van die Beheerraad.**

**,,Volgens die getuienis in 'n hofsaak sou sekere persone beweer het dat hulle offisiere van die O.B. is en hiervan gebruik gemaak het om gelde op 'n onwettige wyse in die hande te kry.**

**,,Volledige lyste van alle offisiere tot by Kommandant word op Hoofkwartier gehou en die persone se name verskyn nie op hierdie lyste nie. Ek dra geen kennis dat hulle nog ooit offisiere van die O.B. was nie, en kan byvoeg dat enige offisier wat homself skuldig maak aan so 'n handelwyse, homself blootstel aan onmiddellike skorsing.''**



## MAATSKAPLIKE VERSEKERDHEID

### Ossewabrandwag se Standpunt

Die Grootraad van die Ossewabrandwag het op sy jongste vergadering 'n amptelike **gesinsbeleid** aanvaar met die oog op die groots moontlike sosiale versekerdheid van ons volk as geheel. Hierdie beleid word eersdaags deur middel van Die O.B., die dienslaers en 'n afsonderlike brosjure bekend gemaak.

Intussen word oral in ons land deur die burgemeesters van ons groot stede vergaderings belê om die vasstelling van 'n ,,Social Security Code'' te bevorder.

Die agtergrond van hierdie strewe na 'n ,,Social Security Code'', wat die steun van die huidige Regering wegdra, **is die feit dat die liberalistiese gebou met sy demokraties-kapitalistiese struktuur besig is om in mekaar te stort.**

Oral in die sogenaamde ,,demokratiese'' lande word daarom wanhoopspogings aangewend om hierdie intuimelende dobbelgebou, wat so baie geleentheid vir partypolitici en kapitaliste bied om hul medemens vir eiebelang en gewin uit te buit, te red.

Om die heersende uitbuitingstelsel vir hul eie voordeel te red het die demokrate en kapitaliste, geïnspireer vanuit die geheime onderaardse grotte van die internasionale geldmag, 'n eenvoudige plan uitgedink:

(a) ,,Ons pleister net die swart dobbelgebou netjies wit en ons vryf die vuil vloere blink — dan sal die uitgemergelde volke dink dat ons 'n heeltemal nuwe gebou, waarin elke individu teen uitbuiting gevrywaar sal wees, opgerig het!''

(b) ,,In plaas van om die uitgemergelde en onderbetaalde massa tevrede te hou deur middel van ons ou beproefde stelsel van vrywillige 'Charity' doen ons dit voortaan deur middel van 'n gedwonge staatstelsel van 'Social Security'!''

(c) ,,Dit sal ons in staat stel om op 'n groter skaal as voorheen ons kapitalistiese winste te maak, want voortaan sal die staat sorg dat die hele publiek deur middel van 'n gedwonge versekeringskema bydra om die massa tevrede werktuie in ons land te maak!''

(d) ,,Op hierdie wyse behou ons ons demokratiese en kapitalistiese dobbelstelsel terwyl die onkundige massa hulle verbeel dat 'n nuwe paradys op aarde geskep word!''

(e) Nou dat die hele wêreld se oë, as gevolg van die Revolusie van die Twintigste Eeu, vir ons demokraties-kapitalistiese uitbuitingspolitiek oopgegaan het, moet ons dadelik met ons pleisterwerk begin en die opregte strewe na 'n beter toekomsorde, wat oral sy kop begin uitsteek, uitbuit vir die behoud van — die ou uitbuitingstelsel!''

(f) ,,Aangesien die massa die streke van die partypolitici al te goed ken, moet liewers onskuldige burgemeesters ingespan word om ons slim planne te propageer!''

Die Ossewabrandwag, draer van die Revolusie van die Twintigste Eeu in Suid-Afrika, laat hom egter nie sand in die oë strooi nie en laat ook nie toe dat ons volk deur slim planne weer uitoorlê word nie. Die taak wat die Ossewabrandwag hom gestel het, is vir geen misverstand vatbaar nie:

**Vernietig die demokraties-kapitalistiese dobbelgebou tot op sy fondamente!**

**Bou in die plek daarvan 'n gemeenskaplike volksgebou op die nasionale en sosiale fondamente van die eie Christelike lewensbeskouing.**

Die Ossewabrandwag steun met alle mag die opregte strewe na versekerdheid, maar poog nie om dit te lei in die kanale van 'n blote gedwonge liefdadigheids- en aalmoese-onderneming nie!

Versekerdheid beteken nie vir die Ossewabrandwag 'n afsonderlike sosiale aalmoesediens terwyl uitbuiting en onsekerheid op alle ander lewensgebiede onbeperk voortwoeker nie!

Die Ossewabrandwag bevorder inteendeel die strewe na 'n ongeskeie algehele nasionale, kulturele, maatskaplike en ekonomiese versekerdheid wat **alle** vorms van uitbuiting en onsekerheid doeltreffend uitskakel.


*PAS VERSKYN!*

**DIE BITTER KELK**

*deur Mynhardt Fourie*

**Prys 6/- posvry**

'n Man ontdek dat sy vrou 'n minnaar het, en dan begin sy soektog na die persoon met wie sy hom bedrieg het: En in die soektog gebeur vreemde, aangrypende dinge in sy siel: Hy word 'n nuwe mens, en uit die wedergeboorte tree hy te voorskyn met 'n vreemde vrede in sy hart, en 'n kalmte wat bo alle hartstog verhewe is: Maar hierdie vrede bereik hy eers nadat sy siel deur 'n nag van angs en onheil gegaan het: Altyd is die vraag by hom: „Wie is die man wat sy liefhet?'' En een oggend ontdek hy die identiteit van sy vrou se minnaar: U sal die verhaal van sy soektog stap vir stap volg, met ingehoue asem, totdat u van aangesig tot aangesig staan voor die onbekende man, en dan sal u die mistieke skoonheid en waarheid van hierdie boek begryp — U sal die bitter kelk van Brand se smaad en lyding saam met hom ledig, só intens, só oortuigend is hierdie boek geskryf; en aan die slot sal u saam met hom die hoë vrede, die oorwinning van die siel voel, oor alle hartstogte en alle smaad.

**VAN AANGESIG TOT AANGESIG**

*deur C. M. van den Heever*

**Prys 8/6 posvry**

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe. Dis Van den Heever se grootste menseskepping — 'n Grootste Roman diep geput uit die polsende lewe.

'n Roman van C. M. v. d. Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

*Bestel van —*

**DIE KAPPIE BOEKHANDEL**

**Telefoon 33/6797 — DE VILLIERSSTRAAT 15 — Posbus 845**

**Johannesburg.**



**AFRIKANERS**

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

**G. C. DU PLESSIS EN KIE.,**
**MÔREMARK, JOHANNESBURG.**

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.

Telegrafiese Adres: „Duplesko."

Bankiers: Volkskas, Johannesburg.



**Schoemannello - Drank**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

**BESTEL VAN**

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142. OUDTSHOORN.**

## PLEGTIGE ROUDIENS OP KAAPSE STRAND

Op Sondag, 8 November, is 'n plegtige roudiens aan die strand by Clifton, Kaapstad, gehou ter gedagtenis van Johannes Bergh wat die vorige week daar deur 'n haai gevang is onderwyl hy in die see geswem het.

Die diens is waargeneem deur dr. A. J. van der Merwe en ongeveer 300 mense was teenwoordig. Drie kranse is van die kant van die see met 'n skuit geneem tot op die plek waar die oorledene verdwyn het en is daar op die water gelaat.

Die oorledene was 'n lid van die Kaapstadse studentekommando en is van Upington afkomstig waar sy ouers, mnr. en mev. W. J. Bergh woonagtig is.

## *ONDERSTEUN ONS BLAD DEUR DAAROP IN TE TEKEN*


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkooptse manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in..............................

Naam:..............................

Adres..............................

(O.B. 4 Nov. 1942) ..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

# Helpmekaar

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG.**

**Posbus 3512. Foon 22-3512.**


## BELANGRIKE REËLS I.V.M. INTEKENING OP DIE O.B.

Totnogtoe is reëls i.v.m. intekening op *Die O.B.* dikwels veronagsaam. Dit het verwarring, vertraging en swak aflewering van ons blad meegebring.

Die medewerking van offisiere en brandwagte vir die volgende jaar word dringend vereis vir die noukeurige uitvoering van elk van die volgende reëls:

1. Die aangewese metode van inskrywing is deur die plaaslike kommandant van die O.B.; manne, lede en nie-lede deur die manne-kommandant; vroue, lede en nie-lede, deur die vroue-kommandante. Net in die Transvaal word manne en vroue almal deur die manne-kommandant ingeskryf. Die intekengeld vir sulke kommando-intekenare kom neer op 4/- per intekenaar per jaar, betaalbaar aan Voorslag (Edms.) Bpk. deur die kommando. Rekeninge vir die totale som aldus bereken word ses-maandeliks uitgestuur deur Voorslag (Edms.) Bpk. aan kommando-eenhede.

2. 'n Tweede en uitsonderlike manier van inskrywing wat toegelaat kan word, is direk by Voorslag (Edms.) Bpk. deur die intekenaar. Geen kommando neem in hierdie geval verantwoordelikheid vir betaling nie. Die intekengelde is in hierdie geval 7/6 per jaar, vooruitbetaalbaar.

3. In albei gevalle hierbo genoem is intekengelde betaalbaar **minstens ses maande vooruit.** Alle betalers van intekengelde, hetsy kommando's, hetsy individue, moet stiptelik hierop let. Vir 'n baie beperkte tyd mag behoeftige kommando's nog uitstel verleen word.

4. Ten einde betaling van intekengelde te laat begin op 'n kalenderjaar, word tans rekeninge uitgestuur aan alle kommando's vir intekening vanaf 1 Junie tot 31 Desember 1942, d.w.s. vir 7 maande. 'n Spesiale beroep word op alle eenhede gedoen om **onmiddellik** te betaal waar geld verskuldig is

5. Van 1 Januarie 1943 af sal rekeninge sesmaandeliks gestuur word vir 'n tydperk eindigende elke jaar op 30 Junie en 31 Desember, onderskeidelik.

6. Ten einde 1943 reg te begin, word van kommando's nie later as 31 Desember nie, 'n adreslys verwag met:

(a) Die naam en adres van persone wat van 1 Januarie 1943 nie meer *Die O.B.* moet ontvang nie, asook onder watter kommando, indien enige, sodanige persone voortaan sal inteken.

(b) Die naam en adres van persone wat van 1 Januarie 1943 af as intekenaar moet bygevoeg word, asook onder watter kommando, indien enige, sodanige intekenare totnogtoe ingeteken het.

7. Alle name en adresse wat ingestuur word moet in **BLOKLETTERS** geskryf word en elke adres sekuur gegee word. Elke fout beteken koste vir Voorslag.

8. Sover moontlik moet intekengelde vir die 6 maande 1 Januarie—30 Junie vooruit, d.w.s. voor 1 Januarie, betaal wees. (Kyk paragraaf 3.)

9. Van alle name en adresse van intekenare wat ingestuur word, moet kommando's afskrifte hou. Afskrifte kan nie deur Voorslag verstrek word nie.

10. By die verstrekking van alle gegewens i.v.m .adreslyste aan Voorslag, moet twee reëls deur kommandante in aggeneem word.

(i) **Geen korrespondensie sal deur Voorslag behandel word tensy die skrywer die kodenommer van die kommando noem nie, indien dit een het, of anders die kommandonaam, met die naam van die kommandant.**

(ii) Een bepaalde offisier in elke kommando moet verantwoordelik wees vir die hou van alle naamlyste en die korrespondensie in verband daarmee. Die verbreking van hierdie reël bring mee verdubbeling van werk en verwarring.

11. Om *Die O.B.* 'n betalende besigheidsonderneming te maak, is dit 'n vereiste dat die sirkulasie deur die voortdurende werwing van nuwe intekenare uitbrei.


116 Takke 41,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

## KERSFEES-VAATJIES

'N 30-BOTTEL VAATJIE HEERLIK SOET OU WYN VIR 50/-, DIT SLUIT RYLOON IN NA ENIGE UNIE-STASIE PER GOEDERETREIN. STUUR DIE VAATJIE TERUG EN U KRY 13/- TERUG.

Vra vir ons volle pryslys.

KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.

BRINK BROS. BEPERK - - - - - - Montagu.

## SASBANK

**Verrig Volksdiens!**

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

***Terme uiters billik.***

***Raadpleeg* SASBANK**

| | |
|---|---|
| **PAARL:—** | **Posbus 266.** |
| **WORCESTER:—** | **Posbus 57.** |
| **KAAPSTAD:—** | **Posbus 2387.** |

## DE KOCKS se GARAGE

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL**

# VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

**MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS**

***Besoek ons Snyersafdeling.***

VERSKEIDENHEID

BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING.

GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD.

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE.

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — PORTERVILLE

DIE O.B., WOENSDAG, 18 NOV. 1942.

# 'n Sirkel en 'n Halwe Sirkel in 18 Maande

Ons het tevore reeds aangetoon hoe partypolitici se standpunt verander na mate die jaargety wissel, veral as buitelandse gebeurtenisse onderhewig is aan die gevolge van die veranderings in die natuur. In Julie 1941 het dit vir die beroepspolitici in die kamp van die H.N.P. gelyk of Duitsland die oorlog klaar gewen het, en op Graafwater het die volksleier van hierdie party dit baie duidelik gestel en daarby toegevoeg dat **'n Duitse oorwinning ook die enigste hoop op ons vryheid is.**

**Tweede Stap.**

Toe die Russiese winter teen die einde van daardie jaar intree sonder dat Rusland verslaan is, het hierdie politici plotseling geen heil meer van 'n Duitse oorwinning verwag nie, en het hulle die Ossewabrandwag beskuldig dat hy met die volk se toekoms dobbel **omdat hy dan op 'n Duitse oorwinning sou bou.** So volmaak was die partypolitieke wending van hierdie groep partydrywers dat hul hoofsekretaris selfs by voorbaat bedank het vir 'n republiek wat Hitler sou gee, ,,omdat die republiek dan sal lyk soos Duitsland hom graag wil hê''! Net die stembus en die stembus alleen is die middel om die republiek te bring. Dag na dag moes die Ossewabrandwag deurloop omdat hy die enigste wapen van die volk — die Britse stembus — versmaai. Dit was tydens die Russiese winter.

**Voltooi.**

Teen die helfte van hierdie jaar het Duitsland sy someroffensief teen Rusland van stapel gestuur met opspraakwekkende sukses. Die offensief was nog in sy aanvangstadium toe die beroepspolitici die seile na die somerwind begin span en in Pretoria doen die volksleier van die party 'n openlike beroep op Duitsland en Italië om te sê wat hulle met Suid-Afrika gaan doen. **,,Ons hoop dat hulle sal sê dat Suid-Afrika 'n vrye onafhanklike republiek sal wees'',** het hy besluit. 'n Maand daarna het hy 'n versekering oor die Duitse radio aan die Afrikaanse volk — wat gepaard gegaan het met 'n afjak vir die politici — ,,voorlopig aanvaar''.

**Tweede Sirkel.**

Enige maande later het dit vir hierdie mense begin lyk of Rusland nog nie hierdie jaar oorwin gaan word nie. Stalingrad hou nog uit en die vordering in die Koukasus gaan nie so vinnig as wat hulle verwag het nie. Die ou seile is toe stadigaan te voorskyn gehaal en die volk moes weereens verneem dat ons enigste heil opgesluit lê in die demokrasie en die demokratiese stembus, aangesien die oorlog 'n ,,gelykop'' gaan wees. Sulken sterk voorvegters van die saak waarvoor die Britte voorgee dat hulle veg het hierdie manne geword dat sommige van hulle selfs deur die Empire-blaaie as medestrydmakkers verwelkom en aangeprys is. ,,Genl. Smuts kon nie 'n beter pleidooi vir ons saak lewer nie'', het die pluimpie uit Britse mond geluі.

**Tweede Winter.**

Ons nader al weer 'n Europese winter en boonop is Rommel se mag uit Egipte verdryf. Vir die beroepspolitici lyk dit nou of dit klaarpraat is met Duitsland. Hul beskuldigings teen die Ossewabrandwag word al hewiger en die vernaamste slaanding is die klag dat ons ,,Duitse imperialiste'' is. Hulle is dan die suiwere verteenwoordigers van Afrikanerideale omdat hulle nòg op 'n Duitse nòg op 'n Britse oorwinning staatmaak! Die versekering wat dr. Malan 'n paar maande gelede ,,voorlopig aanvaar'' het blyk nou inderdaad 'n voorlopige aanvaarding te gewees het — voorlopig vir die Europese somer, al het hy toe bedoel tot tyd en wyl Hitler self van hom laat hoor. So volmaak is die rondomtalie van hierdie politici dat een van hul blaaie aan die begin van die maand reeds hom as volg oor die wêreldtoestand uitgelaat het: ,,'n Volslae Spil-oorwinning, waarin dus Japan deel, **bied vir die wêreld geen besonder begeerlike toekoms nie.''** (Die Burger, 2 Nov.)

**In die afgelope 18 maande het die beroepspolitici dus 'n volle sirkel voltooi in die uitoefening van hul beroep en met die tweede halfpad gevorder. Hulle het gedraai van 'n pro-Duitse standpunt in Junie 1941 tot 'n demokratiese oorwinningstandpunt in Februarie 1942 en in Julie 1942 het hulle die eerste sirkel voltooi deur weer 'n Duitse oorwinningstandpunt in te neem — dus presies binne 'n jaar. Tans staan hulle weer op die demokratiese oorwinningstandpunt en is die tweede sirkel in die helfte van die tweede jaar halfpad gevorder — alles ooreenkomstig die winde van die Europese oorlogsgety.**

**Doodnatuurlik.**

Dit mag komies lyk, maar dit is hoegenaamd nie iets onnatuurliks nie. 'n Beroepspolitikus is soos 'n kurkprop, hy wil altyd bo wees. Hy wil altyd regeer en as die stembus die enigste praktiese middel skyn te wees om ,,in die kussings'' te kom, is 'n rebellie of staatsgreep vir hom iets uit die bose en moet almal wat in daardie rigting dink van die gras gemaak word. **As hy egter deur middel van 'n rebellie aan bewind kan kom deurdat die rebellie ,,'n sukses is'', het hy ,,geen etiese of geestelike besware'' daarteen nie — soos genl. Kemp onlangs toegegee het.**

Om aan bewind te kom is hoofsaak, sy dit met Duitse of Britse hulp, sy dit deur middel van geweld of deur middel van die stembus.

**Ook die Republiek.**

En dieselfde geld ook vir hul standpunt ten opsigte van 'n republiek. **As die moontlikheid sterk is dat hulle in die republiek kan regeer, is hulle republikeins, maar as dit lyk dat iemand anders as hulle moontlik kan regeer, veroorsaak hulle 'n skeuring in die republikeinse geledere sodat die koms van die republiek vertraag kan word, want ,,as die Ossewabrandwag die republiek bring, wat bly daar dan vir die Party oor?'' het die Transvaalse leier van die Party sy nood gekla.** Wat hy eintlik bedoel het, was ,,wat bly daar dan vir die partypolitici oor?'' Want as die versekering daar was dat die Ossewabrandwag die republiek vir die **party** sou bring as **aksiefront van die party, dan het hulle geen beswaar teen sy voortbestaan of sy metodes ter verkryging van die republiek gehad nie,** want dan het hulle mos regeer.

**In die Koelkas.**

Maar nou dat die Ossewabrandwag die republiek gaan bring waarin die beste volksmanne gaan regeer, verkies hierdie manne om liewer demokrasie te speel binne die Britse Ryk, want in hierdie speletjie kry hulle darem af en toe die geleentheid om te regeer en in die dae wat hulle ,,in die woestyn'' verkeer, word hulle darem nog van staatsweë erken as Sy Majesteit se Opposisie en dus as deel van Sy Majesteit se landsbestuur, met salarisse, vrypasse en staatskantore.

**En as dit moontlik lyk om Sy Majesteit se Regering te word met behulp van die stemme van terugkerende soldate wat meer bekommerd is oor werkverskaffing en pensioene as oor republikeinse strydvrae, sal hierdie beroepspolitici ewe gemaklik die republikeinse propaganda in die koelkas plaas en die verkiesing veg met 'n suiwer ekonomiese program.**

**En dit sal niks nuuts wees nie, want dit is volgens die aard van die partypolitiek en dit is in 1920 deur ons eie geskiedenis bewys.**

## DIE BESTE KERSGESKENK VIR AFHANKLIKES

**Verlede Kersfees het *Die O.B.* 'n kersfonds geopen vir geskenke aan kindertjies van geïnterneerdes. Ons sou baie graag hierdie jaar weer die hartjies bly maak met geskenkies, dog met die oog op die sware eise wat aan die fonds vir noodleniging aan afhanklikes van geïnterneerdes gestel word, voel ons dat die beste geskenk wat vanjaar aan hierdie mense gegee kan word, 'n geruste hart vir die toekoms is deur die versekering dat daar voldoende geld is om in hul behoeftes in die komende jaar te voorsien. Waar die Noodhulpfonds sy bodem bereik het en talle gesinne op die vooraand van Kersfees met kommer en sorg die toekoms instaar omdat hulle nie weet vanwaar daar hulp vandaan sal kom nie, wil ons hiermee 'n beroep op alle lesers doen om by te spring en tot so 'n mate tot die Noodhulpfonds by te dra, dat alle twyfel uit die harte van die slagoffers verwyder kan word.**

**Op Kersdag herdenk ons die geboorte van iemand wat nie geaarsel het om Sy lewe as offer te bring vir die redding van mense nie. Sal ons dan nie bereid wees om in hierdie tyd 'n geldelike offer te bring tot redding van mense wat reeds groter offers gebring het as geld in belang van dieselfde saak waarvoor ons almal stry nie?**


# AANDAG!!

BRANDWAGTE EN VRIENDE TREE AAN NA 'N

**FUNKSIE**

WAT GEHOU WORD TE

**UTRECHT**

op

**Saterdag, 28 Nov. 1942**

op die

**TENTOONSTELLINGTERREIN**

met die koms van die

**KOMMANDANT-GENERAAL.**

Deelnemers aan Perdekommando en motorstoet moet hulle aanmeld by die betrokke offisiere om 9 v.m. by die invalplek by die dorpshek op die pad

**UTRECHT-VRYHEID.**

Veldkornet J. W. de Jager, Bus 9, Utrecht (Foon 540) en/of Brandwag J. C. van Rooyen moet in kennis gestel word wie almal die K.G. wil gaan ontmoet met die perdekommando. Meld indien moontlik die kleur van perde wat gery gaan word.

***PROGRAM***

9.30 v.m.: ONTMOETING VAN K.G. BY INVALPLEK.
10.30 v.m.: OPENING VAN FUNKSIE.
11.30 v.m.: TEE, KOFFIE, KOELDRANKE, LEKKERNYE.
1 n.m.: VLEISBRAAI.
3 n.m.: TOESPRAAK DEUR DIE

**K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG.**

# Somerjassies

**IN SY (uitgevoer)**
en
**SWAARLINNE,**
**is baie populêr**

*Koop dit by*

**Steyns**

**PAROW**

Die Skiereilandse Moderne Afrikaanse Dames-Modiste

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# Die Party Verander Van Front en Beleid

## Hoop nou op 'n Russies-Engels-Amerikaanse Oorwinning

(J.C.B.)

**Terwille van die moontlike herstel van die so vurig verlangde Afrikanereenheid is daar met opset nie kommentaar gelewer op die verloop van die jongste Uniale Kongres van die H.N.P. in Pretoria nie.**

As gevolg egter van die houding van dr. Malan en sy pers teenoor die pogings van welmenende Afrikaners word dit nou hoog tyd dat die optrede, verklarings en besluite van hierdie Party-kongres onder die soeklig gebring word. Veral is die beleidsverklaring van die party, by wyse van 'n toespraak deur dr. Malan in Pretoria se stadsaal, van meer as verbygaande belang.

Dit is die beleidsverklaring van mense wat nog glo aan die volksverdelende parlementêre partystelsel, m.a.w. die demokrasie met sy stembus, kruisies, die ,,konstitusionele weg'', **in 'n land waar 'n mens na dieselfde stembus moet gaan as kleurlinge, waar jy met kruisies moet wedywer teen Engelse Imperialiste, Boere-imperialiste, Jode, Hotnots en die wêreld se opdrifsels wat hier burgerskap verwerf het.**

Dit is die beleidsverklaring van mense wat in hierdie wêreldstryd kant gekies het by die demokrasie, maar om dit weg te steek, word beweer dat dit gegrond is op die staatkunde van die gewese Republieke. Hierdie bewerings is net so misleidend en onwaar as dié van 'n persoon wat sou sê: ,,Ek is kommunis volgens die voorskrifte van Karl Marx, maar ek verwerp die soort kommunisme van die Derde Internasionale van Rusland.''

Hierdie Uniale Kongres is ook belangwekkend omdat dit die aankondiger was van die Party se frontverandering en 'n omswaai van beleid, natuurlik met die oog op 'n naderende verkiesing (en die taaie weerstand van die Russe.—Red.)

Hierdie frontverandering was so in die ooglopend dat selfs die hele Engelse Pers daar kommentaar oor moes maak, nl. dat die Party nou sy toekomsbeleid grond op 'n Russies-Amerikaanse-Engelse oorwinning. Vroeër het dr. Malan as hy na die oorlog verwys, soos in sy jongste Burgersdorpse toespraak, die wêreld vertel dat die Engelse die oorlog reeds verloor het. So vas oortuig was hy hiervan, dat hy kort daarna in 'n toespraak op Johannesburg Duitsland en Italië gevra het wat hulle planne is met Suid-Afrika na hul oorwinning. Die antwoord en verdiende afjak aan die adres van partye en politici is bekend. Dr. Malan het dit dan ook plegtig namens sy Party ,,voorlopig aanvaar''. **Maar op die Uniale Kongres glo hy nou in 'n Geallieerde oorwinning,** daarom berei hy sy ondersteuners voor vir 'n lang, demokratiese stembus - kruisie - konstitusionele stryd as Sy Majesteit se Opposisie! Hy sê: ,,Die weg van politieke oortuiging en van die stembus is uiteindelik seker, maar dit mag lank wees. As ons hierdie weg moet bewandel **omdat ons geen ander keuse het nie,** dan mag ons en dan sal ons die moed nie opgee nie. Die Afrikaner wat op die ashoop wil gaan sit omdat hy al sy hoop gesit het op 'n Duitse oorwinning **en teleurgesteld geraak het,** is 'n ontroue lafaard en 'n verraaier. Nee, as u volk u die nodigste het, dan moet u daar wees, sal u?''

Waar wees? By die stembus natuurlik! Op 'n ander plek: ,,Die weg om die republiek langs die weg van die stembus te verkry, is uiteindelik seker.'' Maar die volgende kensketsende woorde moet 'n mens tweemaal oorlees voordat jy dit kan glo: ,,As Engeland en Amerika en genl. Smuts se slaafse afhanklikheid van Rusland tot gevolg moet hê dat die Kommunisme met sy sedeloosheid en gelykstellingsleer in S.A. die oorhand moet kry, **dan is dit vir ons duisendmaal beter dat Duitsland die oorlog wen.''**

Dus, vir die ,,weg van die stembus'' sou dit seker ,,duisendmaal'' beter wees as die Engelse die oorlog wen; as die kommunisme nou net nie dalk die vlieg in die salf gaan wees nie. Maar wat beteken die volgende woorde uit die mond van 'n man wat eenslag geposeer het as volksleier? **,,Nasionaal en Republikeinsgesinde Suid-Afrika het geen twis met Engeland of Amerika nie, maar ten spyte van 4 Sept. 1939** het hy ook **geen twis met Duitsland nie.''**

Begryp jou aan! ten spyte van die verlies van ons vryheid, die dood van duisende burgers, moord van byna 27,000 vroue en kinders, verwoesting, onderdrukking, armoede, verguising en uitbuiting, ,,het Nasionaal en Republikeinsgesinde Suid-Afrika g'n twis met Engeland nie'', en natuurlik dan ook nie met sy handlanger en instrumente in Suid-Afrika nie. **Daar is nou egter 'n twis met Duitsland ,,omdat hy eensydige en verdraaide berigte uitsaai afkomstig van 'n geheime O.B.-sender''.** Die Transvaler kan die Duitsers gerus nog 'n slag die les leer en dreig met 'n allesverwoestende teenoffensief.

Is die uiteindelike doel weer 'n Vryheidsdeputasie na 'n Geallieerde vredeskonferensie? Mag Afrikaners, al is hulle demokrate, die vernedering gespaar bly om by 'n Russiese vredeskonferensie by die agterdeur hoed in die hand ons vryheid te gaan vra!

# O.B.-NOODHULPFONDS

Onderstaande staat van uitgawe en inkomste tot 31 Oktober is deur die sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds verstrek:

| 1942 | Inkomste. £ s. d. | Uitgawe. £ s. d. |
|---|---|---|
| Januarie | 390 7 3 | 220 5 0 |
| Februarie | 1,875 9 4 | 1,593 12 0 |
| Maart | 2,421 6 1 | 2,303 11 3 |
| April | 1,331 12 4 | 1,902 7 6 |
| Mei | 1,624 6 1 | 1,912 19 7 |
| Junie | 2,171 14 6 | 1,452 6 4 |
| Julie | 1,279 3 8 | 1,798 15 5 |
| Augustus | 1,967 19 0 | 1,595 8 4 |
| September | 967 11 9 | 1,663 14 3 |
| Oktober | 1,467 12 2 | 1,762 0 1 |
| | £15,497 10 2 | £16,184 19 9 |
| | | 15,497 10 2 |
| | Dt. Balans | £687 9 7 |

Uit hierdie staat blyk dat as die bydrae vir Oktober oorgedra word aan die komitee, soos maandeliks geskied, dit nie voldoende sal wees om die tekort te dek en vir die lopende maand se uitbetalings te voorsien nie. Daar word dus 'n dringende beroep gedoen op kommando's en individue om hernude pogings tot stywing van die fonds aan te wend. Dit moet! Die uitgawes beloop bykans £2,000 per maand!

Ons plaas hieronder 'n vorm wat ingevul kan word deur persone wat graag iets wil bydra, hetsy maandeliks of andersins, tot die Noodhulpfonds. **Hierdie bydrae word onderskei van die gereelde bydrae wat deur die kommando's ingevorder word, en veronderstel dus 'n spesiale poging:**

BELOFTE VIR BYDRAE

Naam ..................................
Adres ..................................
..................................

Ek onderneem om elke maand vir die volgende ses maande vanaf .................. die bedrag van £...... (.....................) by te dra tot die fonds ter ondersteuning van die afhanklikes van geïnterneerdes.

( Handtekening) ........................

VAN VROEG TOT LAAT ALTYD U BESTE MAAT OP SY POS
Patriot TABAK
VOORBRAND PRODUK

VOLKSKAS IS U EIE BANK!
*Fondse oorskry £2,300,000*
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)
Die Volk se Bank.
Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars (Edms.) Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

Ondersteun ons Adverteerders

